# DIE KERK EN DIE STAATKUNDIG-KULTURELE VLAK VAN DIE VOLKSLEWE

**'n Oorsig van die Afgelope Dekade**

DR. J. P. OBERHOLZER

Die dekade wat hier te sprake is, is reeds meer as 'n halfeeu ver verwyder van die negentiende-eeuse verbondenheid tussen die Ned. Hervormde Kerk en die ou Zuid-Afrikaanse Republiek, toe die stryd om kerklike en nasionale onafhanklikheid twee sye van dieselfde saak was. Die poging tot kerkvereniging en die driejarige oorlog, gevolg deur 'n tydperk van skrynende armoede op materiële vlak, oorstroming vanuit die suide en gevolglike minderheidstatus, het daartoe gelei dat die eerste helfte van die 20ste eeu vir die Hervormde Kerk grotendeels nog 'n stryd om bestaan was. Die heropbou van die kerk het geskied in 'n gees van isolement, bevorder deur die mindere maatskaplike posisie van sy lidmate, die tekort aan predikante, die imperialistiese strewe van susterkerke, en ander faktore. Vir rustige en omvattende formulerings van die verhouding tussen kerk en maatskappy was daar weinig geleentheid. Probleme op hierdie vlak is die hoof gebied deur optrede in casu eerder as deur vir die toekoms steekhoudende uitsprake. Woelinge op politieke en kulturele gebied het egter nie by die Kerk verbygegaan nie. Die opkoms van die nasionale beweging vanaf 1912, die rebellie van 1914, die mynstakings van 1922 en 1942, die twee wêreldoorloë en die bittere stryd van die dertiger en veertiger jare het op een of ander wyse weerklank gevind in die vergaderinge van die Kerk.

Die nasionale oorwinning van 1948 het 'n tydperk van groter eensgesindheid op Afrikaans-politieke en kulturele vlak ingelui. Terselfdertyd was die materiële opbouwerk van die Kerk in so 'n mate gevorder dat die geleentheid vir rustiger besinning oor die taak van die kerk, binne bereik voorgekom het. Ten spyte van meer as 'n halfeeu van verdringing en oordondering, het die Herv. Kerk sy solidariteit met die volk behou, en hierdie solidariteit het die Kerk betrokke gemaak by die nasionale stryd teen internasionale bedreiging in die 50er en 60er jare.

Die solidariteit tussen kerk en volk blyk byvoorbeeld uit die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1957, toe by kerkrade en kerklike kommissies aanbeveel is dat voorkeur gegee sal word aan Afrikaanse handelsinstellings. Deelname van die kerk in die bedrywighede van Afrikaanse kulturele organisasies, waar deelname hom gegun is — en dít is helaas nie so vanself-

sprekend as wat verwag sou kon word nie — het steeds geskied sonder voorbehoud. Dit het vir die Kerk so gehoort. Sy lidmate is aangemoedig om deel te neem aan volkefeeste en dankfeeste by geleentheid van nasionale fees- en roudae. In sy besluit oor die Afrikaner Broederbond het die Kerk nie alleen ingegaan op die teologiese implikasies nie, maar ook kennis geneem van „die onbaatsugtige, „toegewyde en lofwaardige wyse" waarop die bond „ons volk gedien het en nog dien."[1]).

Hierdie solidariteit met die volk het ook uiting gevind in die weerstand teen ideologiese en politieke bedreiging van die Protestants-Christelike erfenis van volk en kerk. Die deelname van die kerk aan die stryd teen die kommunisme en liberalisme het van die begin af geskied met oortuiging — getuie die uitsprake van verskillende vergaderinge, die oprigting van die Antikommunistiese Aksiekommissie, die steun aan die Volkskongres oor Kommunisme en die Nasionale Raad teen Kommunisme.[2])

Die tradisionele beleid van afsonderlike naasbestaan was egter dié aspek wat die meeste aandag ontvang het, nie omdat die kerk dit so verkies het nie, maar omdat 'n volgehoue en telkens hernude druk van buite hom daartoe genoodsaak het. Vir die kerk was en is die afsonderlike bestaan van die verskillende volksgroepe in Suid-Afrika, elk na eie aard en moontlikheid, van die vroegste jare af 'n gegewene waarmee hy rekening wou hou. Hy het uitdrukking gegee aan sy oortuiginge in hierdie verband by die formulering van die vereistes vir lidmaatskap en van 'n sendingbeleid (Artikel III). Saam met die ander Afrikaanse Kerke het die Hervormde Kerk die Volkskongres oor die Toekoms van die Bantoe gereël en verantwoordelikheid aanvaar vir die besluite daar geneem. Hierdie kongres is gesien as die bekroning van jarelange getuienis teenoor die owerheid oor hierdie saak. Sindsdien was die Kerk genoodsaak om telkens sy standpunt te stel en om te antwoord op beskuldiginge in dié verband. In kronologiese volgorde was dit veral die Naturellewysigingswetsontwerp van 1957, die Hoogverraadsaak van 1958, die Wet op Groepsgebiede en die onluste by Sharpville en Langa in 1960 wat weerklank gevind het in die kerklike vergaderinge. Midde-in 'n hewige openbare stryd oor die sogenaamde kerkklousule in die Naturellewysigingswetsontwerp van 1957 het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit dat

[1]) Notule 1964 Algemene Kerkvergadering, bl. 184.
[2]) Notule 1964 Algemene Kerkvergadering, bls. 166 vv.

„die standpunt van ons kerk is dat die kerk ten volle die beginsel van apartheid ook in die kerke onderskryf . . . "

en die betrokke minster so verwittig. In 'n antwoord aan die British Council of Churches is apartheid verder omskryf as die enigste Christelike oplossing. Onrus binne die kerk oor hierdie opvatting is beantwoord met 'n Herderlike skrywe waarin ampsdraers en lede gemaan is om nie te handel in stryd met Artikel III en verwante artikels nie. 'n Skrywe aan ampsdraers het gewaarsku teen die verkondiging van beskouings in stryd met kerklike besluite, ens.[3])

Die Hoogverraadsaak van 1957-'58 het weereens die aandag van die buiteland sterk op Suid-Afrika gevestig. Dr. J. J. Buskes, wat Suid-Afrika in 1956 besoek het en daarna 'n boek gepubliseer het „Suid Afrikas Rassenbeleid — Onaanvaarbaar", het in Hervormd Nederland 'n oproep geplaas om hulp vir die beskuldigdes en hulle afhanklikes. Hierteen het die Algemene Kommissie geprotesteer in 'n skrywe aan die Nederlands Hervormde Kerk. In dieselfde jaar het die Pretoriase Indiërgemeenskap die steun van die Kerk gevra vir 'n protes teen die proklamering van groepsgebiede. Die Algemene Kommissie het sodanige steun geweier.

Die onluste by Sharpville en Langa in 1960 het hier en in die buiteland 'n histerie ontketen wat ongekende gevolge sou hê. Die Algemene Kommissie het op 29 Maart 1960 'n verklaring uitgereik waarin lidmate gemaan is tot kalmte en vertroue, 'n beroep op alle blankes gedoen is om onderlinge geskille by te lê, en die owerhede vir voorbidding aanbeveel is. Skrywes van die Presbiteriaanse Allianse, Presbiteriaanse kerke in Australië, Engeland en Ierland, die Nederlands Hervormde Kerk, die Reformed Church in America en die Free Church Federal Council van Brittanje is uitvoerig beantwoord, hoofsaaklik deur die voorsitter, ds. A. J. G. Oosthuizen. Hierdie antwoorde het bestaan in 'n uiteensetting van die historiese en praktiese omstandighede, 'n beoordeling van die premisses waarop die onderskeie skrywes berus het, en 'n verdediging van die owerheid en beleid van Suid-Afrika. Na aanleiding van die onluste en bloedvergieting in die Kongo is dieselfde kerke gewys op die diskrepansie van hulle swye in daardie geval.

Binne die Hervormde Kerk was daar steeds eenstemmigheid met betrekking tot die beleid op afsonderlike ontwikkeling, met die uitsondering van 'n klein aantal ampsdraers onder aanvoering van prof. A. S. Geyser. Hy het reeds in die laat 50er jare na

---

[3]) Bylaag tot DIE HERVORMER van 1.5.1957.

vore gekom met 'n steeds onbuigsamer houding teenoor die Kerk ten opsigte van Artikel III en die konsekwensies daarvan. In die histerie na Sharpville het dan ook die boek „VERTRAAGDE AKSIE" verskyn, waarin die beleid van afsonderlike ontwikkeling op allerlei maniere veroordeel is. Die Algemene Kommissie het die Hervormde medewerkers vermaan vanweë die beroering wat hul optrede in die kerk veroorsaak het.

Die belangrikste uitloper van die Sharpville-gebeure was egter die Cottesloe-konferensie van die Suid-Afrikaanse ledekerke van die Wêreldraad van Kerke in Desember 1960. Dié konferensie is gereël na 'n protes van aartsbiskop Joost de Blank by die Wêreldraad van Kerke oor die houding van die Afrikaanse kerke ten opsigte van die rassebeleid. Die houding van die Hervormde Kerk is uitvoerig uiteengesit in die gesprekke met dr. R. Bilheimer op 20 April 1960 en 28 April 1960 wat gehou is ter voorbereiding van die konferensie, in die memorandum van die kerk wat op die konferensie gedien het en in die besluite van die Algemene Kerkvergadering in 1961 toe die lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke laat vaar is. Uit hierdie stukke haal ek die volgende ter illustrasie aan:

1. Die kerk stel hom in sy profetiese taak teenoor die owerheid nie byvoorbaat op die standpunt van 'n opposisie nie.

2. Die kerk beskou die apartheidsbeleid nie as 'n beginsel nie maar as 'n werkmetode, wat wrywing en diskriminasie moet voorkom.

3. Die kerk sien in die agitasie teen apartheid die aanval van ideologiese magte wat die evangelie self wil aantas en die kerk wil vernietig.

4. Die kerk glo dat dit die evangelie self is wat die verhoudinge binne die maatskppy kersten en dat dit nie op die weg van die kerk lê om die verandering van samelewingstrukture as sodanig as primêre taak te sien nie.

5. Die kommunikasiemedia is verantwoordelik vir 'n groot deel van die wanbegrip en onrus op staatkundig-kulturele vlak.

6. Apartheid of eiesoortige ontwikkeling is die enigste regverdige oplossing vir die rasseprobleme van ons land.

7. Op Cottesloe het 'n verskil in teologiese aksent aan die lig gekom, naamlik ten opsigte van die beskouing van Christus as sosiale Hervormer en as Verlosser.

8. Die Cottesloe-besluite is onregverdige en ongeoorloofde inmenging in staatsake van ons land wat met Gods Koninkryk geen verband hou nie.

Die standpunt van die Hervormde Kerk rondom Cottesloe het by die volk as geheel aanklank gevind, en die kerk miskien meer as wat gesond is in die openbare beeld vereenselwig laat raak met die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos voorgestel en uitgevoer deur die regering van die dag. Dit moet egter beklemtoon word, selfs ná Cottesloe, dat die kerk in die eerste plek by wyse van Artikel III betrokke is by hierdie beleid en dat hy hom steeds uitgespreek het vir die groot beginsel van skeiding ten opsigte van die volksgroepe omdat hy daarin 'n Christelike oplossing vir 'n probleem sien, langs dié weg 'n praktiese metode vir die uitvoering van sy evangeliese roeping sien en omdat hy in die ywer vir integrasie die kerkvyandelike magte van die wêreld aan die werk sien. Dit is duidelik gestel in die rapport oor Artikel III wat deur die Algemene Kerkvergadering van 1961 aanvaar is. In hierdie rapport is die historiese en kerkregtelike agtergrond van Artikel III gestel, die artikel self ontleed en beoordeel wat betref die standpunt teen gelykstelling (= vermenging) en diskriminasie, die wese en taak van volkskerke, die eenheid, gemeenskap en verkyningsvorm van die kerk en die goeie reg van 'n werkverdeling soos deur Artikel III gestel.

Die verantwoording met betrekking tot die Kerk se houding voor en na Cottesloe was 'n eerste stap in die rigting van formulering van 'n standpunt wat vroeër wel bestaan het en telkens uiting gevind het, maar nooit prinsipieël onder woorde gebring is nie. Op hierdie eerste stappe is voortgebou in die publikasie „Gelyke Geleenthede", 'n antwoord van die kerk op die herderlike skrywe van die Nederlands Hervormde Kerk, „Het Rassenvraagstuk". Op hierdie stuk is van die Nederlandse kerk geen antwoord ontvang nie. Trouens, die onder woorde bring van die Hervormde Kerk se standpunt, sou steeds stuit op die verskynsel dat hy as't ware in 'n ledige ruimte in praat, sonder weerklank. Dit was die geval met 'n memorandum wat aan die Wêreldraad van Kerke voorgelê is na die Evanstonvergadering in 1954 waar die Wêreldraad van Kerke vir die eerste keer skeiding op grond van taal, kleur en etniese oorsprong verwerp het; met die memorandum van die Kerk by die Cottesloevergadering; die stuk „Gelyke Geleenthede", die skrywe aan die Wêreldraad van Kerke na aanleiding van die Rochester-verklaring en aan die Presbiteriaanse Alliansie na aanleiding van die Frankfortvergadering. Ook die afsonderlike kerke met wie hieroor gekorrespondeer is, het met enkele uitsonderings geen reaksie op ons skrywes getoon nie.

Die mislukking van die Wêreldraad van Kerke se poging by Cottesloe om die Suid-Afrikaanse beleid deur middel van 'n

veroordeling deur die Afrikaanse kerke aan te tas, het gelei tot 'n veranderde strategie na 1960. Die eerste tekens hiervan het gekom by die Nieu Dehli-byeenkoms waar die teenstanders van die apartheidsbeleid openlike aangemoedig is in 'n „boodskap aan Christene in Suid-Afrika", die beleid van afsonderlike ontwikkeling veroordeel is en die uitsprake van mense soos sir Francis Ibiam met instemming aangehoor is, naamlik dat Africans nie as mense nie maar as slawe beskou word in Suid-Afrika en die Rhodesiës. Dit is opgevolg deur die Rochester-verklaring van die Sentrale Komitee in September 1963 waarin aktiewe hulp aan die sogenaamde „slagoffers van diskriminasie" in Suid-Afrika vir die eerste keer sy verskyning gemaak het. Die Algemene Kerkvergadering van 1964 het hierop skerp gereageer in 'n skrywe aan die Wêreldraad van Kerke. Dit was die tyd toe organisasies soos Poqo en Umkonto we Sizwe aan bande gelê is deur wetgewing. Die optrede van die Division of Interchurch Aid, Refugee and World Service van die Wêreldraad van Kerke het nou nuwe betekenis in Afrika gekry soos blyk uit **Africa Survey** van Matthews en Foot, en uit die jaarlikse begroting. Vlugtelinge uit Suid-Afrika wat later sou terugkeer as terroriste kon van nou af reken op hulp ook van die Wêreldraad van Kerke.

Die kerk het hom na 1964 nie weer tot die Wêreldraad van Kerke gerig nie. Hy het op hoogte gebly van dié liggaam se optrede, onder andere by die Kitwe-vergadering, die vergaderings van die Sentrale Komitee en by die Geneva-vergadering van Church and Society. In die Kroniek in DIE HERVORMER en by ander geleenthede is aandag geskenk aan die uitsprake van hierdie vergaderings, en so het die lidmate van die kerk op hoogte gebly van die diep kloof tussen die Hervormde Kerk en die Wêreldraad van Kerke-gees. Die talle publikasies hier en oorsee waarin ons land en kerk gekarikaturiseer word as 'n middeleeuse folterkerker vir alle Christene, sing so 'n eentonige lied dat ons aan die toon daarvan gewoond geraak het, en dit slegs terloops nog opmerk. Hierdie toestand is mede in die hand gewerk deur interne probleme, soos in verband met die Geyser-saak van 1962 en die bedanking uit die kerk van 'n aantal predikante en oud-predikante — gebeure waarin die werklik prinsipiële verskilpunte oorskadu is deur onwaaragtigheid en valse gesindhede.

Die reeds gespanne verhouding met die Nederlands Hervormde Kerk het tot breekpunt gekom in 1965 toe die Nederlandse en Deense regerings besluit het op skenkings aan die Defence and Aid Fund wat oorspronklik opgerig is met die oog op die

Hoogverraadsaak van 1958 en weer op die voorgrond gekom het met die Rivonia-saak. Die Algemene Kommissie het in kabelgramme aan die Nederlands Hervormde Kerk en Deense Lutherse Kerk sy teleurstelling hieroor uitgespreek. Die Moderamen van die Nederlandse Kerk het op sy beurt teleurstelling uitgespreek oor die „aggresiewe toon" van die kabelgram en ons verwys na die Nederlandse Ambassade in Suid-Afrika omdat dit 'n saak is wat die Nederlandse regering raak. 'n Teregwysing aan die Nederlandse Kerk omdat hy weier om verantwoording af te lê oor 'n saak waarin hy dit eens is met die Nederlandse regering, is na aandrang op 'n antwoord, gevolg deur 'n versoek tot samespreking met die Afrikaanse kerke. Uit so 'n samespreking sou dan blyk of ons en hulle dieselfde evangelie bely. Na korrespondensie tussen die drie Afrikaanse kerke en die twee Nederlandse kerke het die voorgenome samesprekings nie deurgegaan nie, en is die posisie prakties een van geen kontak tussen Nederland en onsself.

Die posisie is dus dat die solidariteit van kerk en volk en die feit dat die kerk op eie front dieselfde stryd moes stry as die owerheid op internasionaal-politieke front, gelei het tot 'n toenemende isolasie en die afbreek van kontak met kerke anders as die drie Afrikaanse kerke. Vir die Hervormde Kerk het dit in hierdie stryd eerstens gegaan om 'n lewenskwessie. Leer het alleen ter sprake gekom deurdat rasse-integrasie deur die ekumenies-kerklike wêreld tot 'n teologiese leerstuk verhef is as die toetssteen vir die ware Christelike geloof. In Suid-Afrika het die ontstaan van die blaadjie Pro Veritate en die Christelike Insituut die simptome geword van hierdie nuwe leerstuk. Die Algemene Kerkvergadering het hom in 1967 teen hierdie instansies uitgespreek en verklaar dat lidmaatskap van die Instituut en die Kerk nie versoenbaar is nie.

Die korrespondensie met buitelandse kerke en kerklike liggame in die afgelope paar jaar het dieselfde patroon gevolg as voorheen. Van weerskante is by die ingenome standpunte oor rasseverhoudinge volhard.

Samevattend kan ons dus stel dat die Hervormde Kerk in sy amptelike uitsprake en optrede van die afgelope dekade sy solidariteit met die Afrikanervolk op staatkundig-kulturele vlak gehandhaaf het. Waar hy onder die ou Zuid-Afrikaanse Republiek 'n medevegter was vir staatkundige onafhanklikheid, het hy in die laaste jare op beskeie wyse deelgeneem aan 'n stryd om die staatkundige en kultrele voortbestaan van die Afrikanervolk in ooreenstemming met sy historiese weg tot hiertoe. Die vordering

van die kerk op die gebied van die sending en sy deelname aan immigrasie-arbeid het hiertoe indirek bygedra.

Die proses van die here Geyser en Naude teen prof. A. D. Pont en die afloop daarvan het 'n diepgaande indruk gemaak op talle lidmate van die Kerk en onder andere bygedra tot 'n bepaalde terughoudenheid ten opsigte van politiek-kulturele aktiwiteite. Die metodes van bestryding van ideologiese en politieke sowel as teologiese gevare het hierdeur sterk in geding gekom. Gepaard daarmee het gegaan 'n aksentverskuiwing en aksentverskille binne die heersende politieke party, hoofsaaklik aangevuur deur sektore van die openbare pers. Tekens van politieke verdeeldheid en die beweerde betrokkenheid van sommige ampsdraers daarby het die vraag oor die verhouding van die Kerk en sy ampsdraers tot die politieke aktiwiteite van die dag op die voorgrond gestel. Omstrede uitsprake en optrede van lede en ampsdraers van die kerk wat in die pers so vertolk is dat die kerk vereenselwig is met partypolitieke groeperinge, het 'n teregwysing aan die pers en die verwerping van sodanige vereenselwiging van die kant van die Algemene Kommissie meegebring. Hierin het die Kommissie aangesluit by vroeëre uitsprake, onder andere soos gestel in 'n rapport van ds .J. G. M. Dreyer aan die Algemene Kommissie in 1957.[4]) Daarin stel hy:

„Dit is waar dat die Kerk aan die owerheid geen politieke oplossing kan voorskryf nie, maar dis ook waar, dat die Kerk geroepe is om die dade van die owerheid en van die volke te toets aan die Woord van God, want die beloftes en gebooie van die Evangelie geld ook vir die beslissinge op die terrein van die nasionale en internasionale politiek. Die Kerk wat dit nie meer wil doen nie is ongehoorsaam aan Christus.

As ons sê dat die Kerk hom nie afsydig van die politiek mag hou nie, dan word daarmee nie bedoel dat die Kerk hom mag vereenselwig met een of ander politieke party nie. Daardeur sou die Kerk immers:

(1) sy kritiese funksie teenoor die verskillende politieke partye verloor;
(2) Die Kerk sou daardeur sy reg verbeur om regter tussen en oor die partye te wees;
(3) Die Kerk sou onvermydelik sy vryheid daardeur inboet;
(4) Die Kerk bring daardeur oor hom die gevolge van die politiek van die betrokke party en hierdie politiek kan opportunisties korrup en sleg wees. Vgl. 1 Kon. 12:26-33,

---

[4]) Die Hervormer, Junie 1957.

waar die godsdiens in die diens van die politiek te staan gekom het.

Tog kan dit gebeur dat die Kerk hom direk ook met die partypolitiek **moet** inlaat, wanneer naamlik 'n bepaalde party hom skuldig maak aan magsmisbruik, aan verkragting van die reg, aan 'n antichristelike ideologie. Dan is die kerk geroepe om te getuig byvoorbeeld in die vorm van 'n protes, vir die heerskappy van Jesus Christus op al die terreine van die lewe, al is dit ook in die vorm van martelaarskap.

Maar watter houding moet die ampsdraers, **leraars en kerkraadslede** inneem ten opsigte van die partypolitiek? Mag hulle lede van partye wees en aktief daaraan deelneem?

Hierop word deur sommige ,ja' geantwoord. In verskillende Europese lande is dit die geval. In Engeland is al die biskoppe van die Anglikaanse Kerk ipso facto lid van die Engelse Hoërhuis, die Senaat. In Nederland was en is leidende Kerkfigure dikwels leidende politieke figure. Vgl. dr. Abr. Kuyper, prof. dr. H. Visscher., dr. De Visser, prof. dr. Slotemaker de Bruïne, prof. dr. G. van der Leeuw, terwyl verskillende bekende nog lewende teoloë op die hoofbesture van verskillende partye sit, sowel as lede is van die eerste of tweede kamer.

In ons eie land word hierdie saak ietwat anders aangevoel. Eerstens dra dit die goedkeuring van 'n groot deel van die volk nie weg nie dat 'n predikant hom aktief met die politiek inlaat. Tweedens laat die Sinodes nie toe dat 'n predikant of teologiese professor sy amp kan verenig met die lidmaat van die Volksraad of provinsiale Raad nie.

Daar is ander wat ,nee' antwoord op die vraag of 'n leraar en 'n kerkraadslid hulle aktief mag inlaat met die partypolitiek. Dit het ook die Algemene Kerkvergadering gedoen soos bo aangetoon. Ons wens hiervan te verskil. Ons het hoegenaamd geen beswaar dat kerkraadslede hulle aktief bemoei met die partypolitiek nie. Ons beskou dit selfs as wenslik met dien verstande egter dat hulle op 'n waardige wyse daaraan deelneem in ooreenstemming met die waardigheid van hulle ampte.

Hierdie vryheid gun ons die predikante nie. Hulle posisie en taak, as die mondstukke en eerste verteenwoordigers van die Kerk, maak dit nie wenslik nie. Dit kan immers 'n babiloniese spraakverwarring op die kansels bring as die een leraar spreek in die belang van een party en miskien sy medeleraar in die guns van 'n ander party optree. Die besware wat ons bo geopper het, waarom die Kerk as sodanig hom nie moet

inlaat met die partypolitiek nie, geld in die geval van leraars ook.

Die Kerk kan natuurlik nie die vryheid van sy predikante tot so 'n mate aan bande lê dat hulle geen partypolitieke opinie daarop na kan hou nie, maar ons insiens kan die kerk wel van hulle verwag om nie aktief daaraan deel te neem nie. Ons insiens moet die band tussen hulle en 'n politieke party nie 'n te noue band wees nie.

Dit neem egter nie weg nie, dat 'n predikant in sy gewete hom verplig kan ag om te getuig teen die optrede van een of ander party wat in stryd mag handel met God en Sy gebod.

Dit mag egter nie oorhaastig geskied nie en liefs nie sonder raadpleging vooraf van sy kerklike instansies nie."

Met hierdie standpunt wil ek my graag vereenselwig. Die vraag kan gestel word of die solidariteit tussen kerk en volk nie in sekere tye verloop het tot solidariteit tussen kerk en 'n bepaalde politieke party nie en die kerk daardeur sy kritiese funksie ingeboet het nie, of aan die ander kant dat die kerk prinsipiëel-teologiese spreke laat vaar het ter wille van suiwer politieke spreke. Want dit moet meteen duidelik wees, dat die kerk in elk geval eerstens vanuit die Heilige Skrif en in gehoorsaamheid aan die evangelie sal spreek. Lewe en leer staan immers nie los van mekaar nie. Nogtans sal die Hervormde Kerk homself alleen trou bly as hy volkskerk bly, met die oog op die kerstening van die hele volk en die getuienis teenoor volk en owerheid op elke terrein van die lewe.